Junie 2005
Volume 4, Issue 1

# Informa *Express*

*Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata*



***Prof. Magda Fourie***

Prof. Magda Fourie, Vise-rektor: Akademiese Beplanning, sê, "*In enige organisasie is personeel die heel belangrikste hulpbron. Met die Welstandsprogram wil die UV in ons personeel belê en hulle bemagtig om die eise van die werkplek en die moderne samelewing meer effektief die hoof te bied.*" Sy sê ook dat personeelwelstand aan die UV 'n bron van kommer is, soos blyk uit 'n verslag van die beroepswelstandsopname wat in 2004 in die Fakulteit Geesteswetenskappe gedoen is.

***Contact us with news:***

Leonie Bolleurs 2707
Anton Fisher 2749
Lacea Loader 2584
Karen Minnaar 3422
Leatitia Pienaar 9188
Hannes Pieterse 3502
Tumi Tabane 2828
Informa.stg@mail.uovs.ac.za

# Welstand van UV-personeel kry 'n hupstoot

Die Uitvoerende Bestuur van die UV het die daarstelling van 'n welstandsprogram vir personeel goedgekeur.

Op grond van die verslag van 'n beroepswelstandsopname wat in 2004 in die Fakulteit Geesteswetenskappe gedoen is, is 'n voorlegging aan die UB gedoen en blyk dit dat 49,2% van die 1184 Discovery Health-lede chroniese medikasie gebruik en 24% aan essensiële hipertensie ly wat dikwels stresverwant is. Eise oorskry dikwels die premie wat lede betaal met tot 12%. Dit hou finansiële implikasies vir die instelling in.

'n Welstandskomitee van 12 lede sal gestig word, sowel as 'n Welstandsforum en 'n Welstandskantoor met 'n professionele welstandsbeampte. Die Welstandskantoor sal by SHOSO: Personeelontwikkelingsafdeling gevestig wees. Me. Annette Prins (sielkundige), en me. Suzelle Bester (psigometris) sal die kantoor bedryf.

Die Welstandskantoor sal onder meer 'n verwysingsfunksie vervul. Hierdie professionele diens sal sorg vir 'n ingeligte en sistematiese benadering tot die hantering van personeelprobleme, personeel verwys na toepaslike ondersteuningstrukture en lynbestuur ondersteun in die hantering van personeel wat probleme ondervind.

Die Welstandskomitee sal kundiges insluit wat getaak is met die bestuur van die biomediese, psigologiese, sosiale en spirituele dimensies van die welstandsprogram. Hulle sal verantwoordelik wees vir die beplanning en koördinering van die kampuswelstandsprogram. Die welstandsprogram volg 'n holistiese en geïntegreerde benadering om die verskillende dimensies van persoonlike welstand aan te spreek. Me. Prins sê, "Personeel kan baatvind by die welstandsprogram deur op 'n ewewigtige wyse hulle welstand te evalueer in terme van die vier hoofdimensies van menslike funksionering en op pro-aktiewe wyse aandag te skenk aan die bestuur van hul eie welstand.

Die Welstandsforum sal saamgestel word uit 'n breër groep rolspelers wat insluit 'n afgevaardigde van die UV-gesondheidsorgkomitee, die ABSA-gesondheidskonsultant en verteenwoordigers van die vakbonde, die fakulteite en steundienste. Hierdie forum sal hoofsaaklik die welstandsinisiatief uitbou en 'n welstandskultuur vestig op kampus.

Spesifieke oogmerke van die program sluit in om:

- individuele welstand pro-aktief te bevorder,
- individuele bewustheid van beheer oor eie gesondheid en welstand te skep en eie verantwoordelikheid te stimuleer,
- persoonlike verhoudinge te verbeter,
- aktief gesondheid eerder as genesing van siektes te bevorder, en
- die gehalte van die werk en van die persoonlike lewe van werknemers te verhoog.

Dr. Louis Holtzhausen, hoof van Kovsiegesondheid, sê, "Met die welstandsprogram probeer ons om personeel se lewenskwaliteit te bevorder, van algemene gesondheid tot stresvlakke. Hierdeur wil ons 'n gelukkiger werkerskorps daarstel.



*Gereelde oefening is belangrik vir jou welstand.*